Dié kriteria geld vir strandpermitte

MET die heerlike somerweer wat ons in Suid-Afrika beleef, wil mense met gestremdhede ook die strande geniet. Sodoende het talle belanghebbendes weer oor die kriteria en aansoekprosedure vir strandpermitte vir gestremdes navraag gedoen.

Hierdie toegewing bied toegang tot spesifieke strande aan betrokkenes wat op geen ander wyse nie as met ’n voertuig daar kan kom.Die minister van omgewingsake en toerisme, mnr. Marthinus van Schalkwyk, het op 3 Desember 2004 ’n wysiging aan die regulasies wat die gebruik van voertuie op Suid-Afrikaanse kusgebiede verbied, aangekondig. Voor Desember 2004 was dit wel moontlik om aansoek te doen, maar prosedures het die verkryging van so ’n permit bykans onmoontlik gemaak.

Gedurende 2005 het die Nasionale Raad vir Persone met Liggaamlike Gestremdhede in Suid-Afrika (NCPPDSA) tesame met die Kwadruplegiese en Paraplegiese Vereniging van Suid-Afrika (Qasa), appèl aangeteken, én na konsultasie met Van Schalkwyk is dit aan die parlement voorgelê.

Soos in ’n vorige artikel genoem, moet die volgende riglyne met ’n aansoek gevolg word: Die aansoeker moet voldoende bewys kan lewer dat hy/sy permanent ernstig mobiel gestremd is. Die term mobiel gestremd verwys na die liggaamlike onvermoë of gebrek aan ledemate wat ’n mens sou kon help om onafhanklik op ’n strand te kan beweeg. Mense met emfiseem en siektes/ongesteldhede kwalifiseer byvoorbeeld nie daarvoor nie, aangesien dit ’n algemene gesondheidstoestand is.

Aansoekvorms is by die kantore van die departement van omgewingsake en toerisme te kry. Dit is ook elektronies op die webtuiste www.deat.gov.za beskikbaar.
As deel van die aansoekpakket word onder meer ’n sertifikaat verlang wat deur die Nasionale Raad vir Persone met Liggaamlike Gestremdhede in SA uitgereik word. Met só ’n sertifikaat word deur laasgenoemde gesertifiseer dat die aansoeker inderdaad permanent ernstig mobiel gestremd is.

Die raad is alleenlik in ’n adviserende hoedanigheid betrokke en doen slegs aanbevelings aan die departement van omgewingsake en toerisme oor die graad van liggaamlike gestremdheid van die aansoeker en of die aansoeker na die mening van die raad aan die funksionele definisie voldoen.

Die aanbeveling word deur die provinsiale strukture van die raad voltooi.
’n Aansoeker moet dié voltooide evaluasievorm, tesame met ’n mediese sertifikaat, aan die nasionale raad verskaf voordat ’n finale aanbeveling gedoen kan word. Die koste vir dienste deur die nasionale raad (en sy strukture) gelewer, is R100 en is nie-terugbetaalbaar.

Indien ’n sertifikaat deur die nasionale raad geweier word, kan een van twee appèlroetes gevolg word. Eerstens kan appèl by die raad self aangeteken word. ’n Aansoeker kan ook

regstreeks by die departement van omgewingsake en toerisme appèl aanteken.
Alle dokumente moet ingedien word by die departement van omgewingsake en toerisme, vir aandag: die assistent-direkteur-generaal van see- en kusbestuur, departement van omgewingsake en toerisme, privaatsak X2, Roggebaai 8012. ’n Nie-terugbetaalbare aansoektarief van R150 per aansoek en ’n afskrif van bewys van identiteit word verlang. In die geval van kinders is die geboortedatum van die betrokkene aanvaarbaar.

Strandpermitte word aan ’n spesifieke mens uitgereik, nie aan sy/haar motor of enige motor se registrasienommer nie. Die ontvanger van ’n permit moet toesien dat dit nie misbruik word nie.

Die algemene beperkinge op strandgebiede is presies dieselfde as vir nie-gestremde mense ingevolge kennisgewing no. R1399 van 21 Desember 2001(soos aangepas). Aansoeke behoort nie langer as 90 dae te neem om af te handel nie. Vir meer inligting, kontak die departement by 086-112-3626, of 021-402-3911. Die kontakbesonderhede van die nasionale raad is 011-726-8040.

Dit is verblydend om te verneem dat die proses taamlik vereenvoudig is.

Skryf aan my by: Posbus 1758, Worcester, 6849, of e-pos: fanie.dt@mweb.co.za.

Bel Johan Viljoen by 011-726-8040.